education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL VS1**

**NOVEMBER 2006**

**PUNTE: 75**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (VRAAG 1) |
| AFDELING B: | OPSOMMING | (VRAAG 2) |
| AFDELING C: | TAAL | (VRAAG 3) |

3. Lees die instruksies by AL die vrae.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin elke nuwe teks se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Beplan jou tyd.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL, ADVERTENSIE EN STROKIESPRENT

Lees die onderstaande tydskrifartikel aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### DANS VERTEL 'N STORIE

1. Óf dit by die matriekafskeid, teater óf om 'n vuur in die Kalahari gebeur, mense van regoor die wêreld dans! Wanneer ons dansbewegings maak, druk ons ons emosies, gevoelens en idees wat 'n storie vertel, uit. Om dit te kan doen, gebruik jy ritmiese liggaamsbewegings op die maat van musiek of ritmiese klanke. Elke kultuur het sy eie danse en mense dans om verskillende redes.

2. In prehistoriese tye het die oermens gedans, omdat mense nog nie kon lees of skryf nie. Die oermense het op hierdie manier hulle tradisies aan die kinders oorgedra. Ontspanningsdanse wat vir die pret gedoen word, is volksdanse en danse soos die wals. Volksdanse het na die Tweede Wêreldoorlog nuwe lewe gekry. Daar is toe klubs, kursusse en internasionale samekomste gereël, handboeke geskryf en musiek verkoop. By sekere jongmense se danspartytjies soos sokkies en disko's, help dans die jeug om van hulle opgehoopte energie ontslae te raak. Daar is gelukkig ook jongmense uit verskillende kulture wat dansplekke sien as probleemareas om te vermy.

3. Rituele danse speel 'n groot rol in baie godsdienste. Mense gebruik dié danse om gode te vra vir reën, om siek mense gesond te maak of om te vra vir die vrugbaarheid van mans en vroue, hulle landerye of diere. In Borneo laat hulle nie die koms van die reënseisoen aan die natuur oor nie. Hulle dans deurnag om die geeste in hulle oerwoudwêreld wakker te maak. In die Zoeloe-kultuur wys die rietdans op die skoonheid en reinheid van die ongetroude vroue. 'n Klassieke dans in die Indiese kultuur in Suid-Afrika word *bharatha natyam* genoem. Die posisie van die danser se regterhand word die *bhramara hasta* (hommelby) genoem. Hierdie by bring volgens hulle geluk. Die danser lig ook haar been in 'n elegante dansbeweging op en kyk op na die hemel. Elke beweging het 'n godsdienstige betekenis.

4. Na 35 jaar as internasionale dansers wou Twala en Nyandeni hulle ervarings en kennis (én geld) terugploeg in die Suid-Afrikaanse jeug. Dit is hoe die saadjie vir die Afrika-musiekblyspel, *Umoja*, in die tagtigerjare gesaai is. Deur 'n mengsel van musikale style, almal uniek Afrika, vertel *Umoja* vir die oorsese mense van hoe ons lewe. *Umoja* vertel van die lewe op ons platteland én in die stad, van tradisionele danse tot die sjiek leefstyl in Sophiatown. 'Ons musiek help ons om mense te bly, want in Afrika is ritme die lewe self.' Eintlik is dit soos 'n huwelik tussen beweging en musiek.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 9 Junie 2006 en *Rapport*, 19 Junie]

1.1 Uit watter deel van 'n sin lei ons af dat alle volke in dans belangstel? (1)

1.2 Noem EEN ding wat 'n danser, volgens paragraaf 1, oor homself/haarself aan die gehoor vertel. (1)

1.3 Kies uit paragraaf 1 'n goeie definisie van dans. (1)

1.4 Watter betekenis het dans vir die prehistoriese mens gehad? (1)

1.5 Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR? Haal elke keer EEN sin aan om te bewys waarom jy so sê.

1.5.1 Op 'n stadium het mense nie aandag aan volksdanse gegee nie. (2)

1.5.2 Alle jongmense dans hulle energie by sokkies en disko's uit. (2)

1.6 Wat is die hoofgedagte van paragraaf 3? Haal EEN sin aan. (1)

1.7 Volgens die mense van Borneo, wie bring die reën? Gee EEN woord. (1)

1.8 Waarom is die woorde *bharatha natyam* en *bhramara hasta* (paragraaf 3) en *Umoja* (paragraaf 4) in skuinsdruk? (1)

1.9 Wanneer het Twala en Nyandeni aan 'n Afrika-musiekblyspel begin dink? (1)

1.10 Waaruit lei ons af dat Twala en Nyandeni baie patrioties is? Gee TWEE feite. (2)

1.11 Uit watter EEN woord lei ons af dat meer as een musiekstyl in *Umoja* gebruik word? (1)

1.12 Waar het die dansers van *Umoja* tot nou toe opgetree? (1)

1.13 Hoe weet ons dat musiek en dans sinoniem met die mense van Afrika is? Gee 'n deel van 'n sin. (1)

**EN**

Lees die onderstaande advertensie aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.




[Bron: *Beeld*]

1.14 Met watter EEN woord nooi Potchefstroom die leser uit? (1)

1.15 Vir watter fees moet Potchefstroom reg wees? (1)

1.16 Waarom is die een naam van Potchefstroom onderstebo gedruk? (1)

1.17 Waarom sluit die glas met die twee strooitjies en die woorde, 'suig ... slurp ... drink ...', so goed bymekaar aan? (1)

1.18 Hoe weet ons dat die mense van Potchefstroom baie moeite gedoen het om 'n goeie fees aan te bied? Gee TWEE opeenvolgende woorde. (1)

1.19 Lees die laaste twee paragrawe goed deur.

Waarom is sekere woorde in die twee paragrawe in hoofletters gedruk? (1)

1.20 Voltooi die volgende:

As die fees verby is, sal Potchefestroom nog steeds vir jou ... (TWEE opeen-volgende woorde) kan aanbied. (1)

**EN**

Lees die onderstaande strokiesprent deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.




[Bron: *Beeld*, 28.03.02 en 03.04.02]

1.21 Waarmee beplan dr. Duncan, die ortodontis, om Pierce se tande te kry om reguit te groei? (1)

1.22 Met watter gevoel vra Pierce vir dr. Duncan of hy nie soos 'n *freak* gaan lyk nie? Kies die korrekte antwoord.

A Ongelukkige
B Onsekere
C Trotse
D Blye (1)

1.23 Watter EEN woord sê dat Pierce baie van sy draadjies hou? (1)

1.24 Waarmee vergelyk Pierce tandheelkunde? (1)

1.25 Jeremy sê dat Pierce se kop 'n winderige dag soos windklokke klink. Wat kan jy uit hierdie woorde van Jeremy aflei? Kies die korrekte antwoord.

A Jeremy wil soos Pierce lyk.
B Jeremy hou van windklokke.
C Jeremy is net sarkasties.
D Jeremy is 'n goeie vriend. (1)

1.26 Met watter uitdrukking sê Pierce dat hy baie bly is? (Laaste prentjie.) (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: 'N DROOM BEWAARHEID

* Haal SEWE hoofgedagtes uit die stuk, *'n Droom Bewaarheid*, uit.
* Skryf elke hoofgedagte in 'n goeie volsin neer.
* Jy mag NIE meer as EEN sin oor dieselfde hoofgedagte skryf nie.
* Skryf jou sinne onder mekaar en puntsgewys van nommer 1 tot 7 neer.
* Laat 'n reël tussen die sinne oop.
* Jou opsomming mag NIE langer as 80 woorde wees nie.
* Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
* Jy sal gepenaliseer word as jy baie meer as 80 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

### 'N DROOM BEWAARHEID

'Ek het gehuil toe hulle sê Dumisane het kanker,' onthou Agnes Ntombela. Op twee jaar is albei sy oë verwyder. Hy het saam met sy pa voor die radio of TV gesit om alles van sokker te leer. Toe niemand 'n blinde sokkerspeler wou hê nie, het Dumisane sy eie sokkerspan, die *Silver Spears*, gestig.

Dumisane wou hê sy sokkerspanne moet soos *Chiefs* speel. Die aanbieder van die TV-program, *Zola 7*, het hiervan gehoor. Op hierdie program bewaarheid hulle mense se drome. Dis waarom *Kaizer Chiefs* se afrigter gehelp het om *Silver Spears* reg af te rig.

Daarom straf Dumisane sy spelers as hulle nie luister nie. Hy glo dat hulle gedissiplineer moet word. Vir straf moet hulle die span se truie was of ekstra rondtes draf.

Dumisane skop self 'n bal akkuraat raak. Hy 'sien' die bal in sy kop. As dit so reën dat die spelers nie die bal kan sien nie, hou Dumisane aan speel, want hy kan mos 'sien'!

Met naweekwedstryde, neem sy ma, Agnes, haar gasstofie en pot saam. As dit goed gaan, eet hulle pap met boerewors of *Kentucky*. Anders eet hulle pap en melk.

Hulle maatskaplike werker het baie gehelp. Sy het vir Agnes geleer as iemand sy oë verloor, is dit nie die einde van die lewe nie. En niemand is beter as 'n ander persoon nie!

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE EN STROKIESPRENT**

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die daaropvolgende vrae.





[Bron: *Menlyn Park News*, Februarie 1995]

- * Voltooi die volgende paragrawe met die hulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- * Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die groot vraag bly: Is hamburgers gesonde kos of nie? Morgan Spurlock was (3.1 geinteresseerd/geïnteresseerd) in 'n TV-program waarin hierdie vraag bespreek is. | 3.1 | Kies die korrekte spelling. | (1) |
| Twee meisies wat (3.2 het 'n kitskosreus hof toe geneem), het gesê | 3.2 | Gee die korrekte woordorde. | (1) |
| dat die kitskos hulle oorgewig (3.3 oorsaak) het. | 3.3 | Gee die korrekte vorm. | (1) |
| Tydens die hofsaak het die maatskappy gesê dat (3.4 'Ons kos is goed én voedsaam.') | 3.4 | Skryf in die indirekte rede. | (2) |
| Morgan wou dit nie (3.5 glo/geloof) nie. | 3.5 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| (3.6 Morgan het 'n dokumentêre fliek gemaak.) | 3.6 | Skryf in die lydende vorm. | (1) |
| Hy het (3.7 by kitskosplekke vir 'n maand heerlik) geëet! | 3.7 | Gee die korrekte woordorde. | (1) |
| Hy het na 'n maand 'n hele elf kilogram (3.8 swaar) geweeg as voor sy kitskosdieet. | 3.8 | Gee die korrekte vorm. | (1) |
| (3.9 Dr.) Daryl Isaacs het sy gesondheid gemonitor. | 3.9 | Skryf die afkorting uit. | (1) |
| Morgan se lewer was (3.10 normaal). | 3.10 | Skryf in die ontkennende vorm. | (1) |
| Morgan se beste (3.11 vriend) wou niks | 3.11 | Gee die vroulike vorm. | (1) |
| van (3.12) aan/vir/met) hom te doen hê nie. | 3.12 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| Sy het gesê hy (3.13 reuk/ruik/reik) snaaks. | 3.13 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| Dit het hom twee maande geneem om (3.14 herstel) van sy hamburgerfees. | 3.14 | Skryf in die infinitief. | (1) |
| Sy flieks *Supersize Me* het 'n groot (3.15 reageer) onder tieners veroorsaak. | 3.15 | Gee die korrekte vorm. | (1) |
| Morgan is (3.16 teen + dit) dat 'n kitskos- | 3.16 | Gee EEN woord. | (1) |
| plek gratis (3.17 speelding) of gratis | 3.17 | Gee die meervoud. | (1) |
| lekkernye gee wanneer (3.18 jy bestel 'n kaasburger en skyfies). | 3.18 | Gee die korrekte woordorde. | (1) |
| (3.19 Die koepon herhaal die woorde in die Wimpy-advertensie.) | 3.19 | Gee die lydende vorm. | (1) |
| Die woorde word herhaal, want (3.20 jy moet die aanbod kan onthou). | 3.20 | Gee die woordorde. | (1) |
| Nie alleen kry jy (3.21 'n gratis roomys), maar ook sjokoladesous. | 3.21 | Skryf in die ontkennende vorm. | (1) |
| | | | **[22]** |

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die daaropvolgende vrae.




[Bron: *Beeld*, 23.09.99]

* Voltooi die volgende paragrawe met die hulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
* Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| Jeremy se pa het sy vrou en seun uitgeneem vir 'n ligte ete. By die huis is die yskas altyd leeg. Ons kinders eet te veel, daarom (3.22 ons kinders is oorgewig), maar Jeremy is baie (3.23 maer/ maar) al eet hy soveel kos. | 3.22 Gee die korrekte woordorde.<br>3.23 Kies die korrekte woord. | (1)<br>(1) |
| (3.24 Goed) brood en vleis vir 'n hamburger met 'n slaaiblaar, tamatie en uie is aanvaarbaar. Jy behoort (3.25 eet die hamburger alleen) sonder enige skyfies. Die (3.26 mees belangrike) is dat 'n mens jou nie ooreet aan hamburgers nie. | 3.24 Gee die korrekte vorm.<br>3.25 Skryf in die infinitief.<br>3.26 Gee die korrekte vorm. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| (3.27 Die kelnerin sit 'n hamburger en skyfies voor Jeremy neer.) Jeremy het sy kos baie vinnig opgeëet. Nog voordat sy pa sy eie kos kan eet, vra Jeremy: '(3.28 Pa gaan die hamburger eet)?' | 3.27 Skryf in die verlede tyd.<br>3.28 Skryf die sin in vraagvorm. | (1)<br>(1) |
| Jeremy se pa sê vir die kelnerin: '(3.29 dat sy kind nog honger is).' Jeremy het die (3.30 EEN woord) nodig om kos te bestel.<br>**spy-se-nier'** s.nw. (s) Persoon wat onderneem om voedsel, verversings, drank, ens. te verskaf op 'n daaglikse of ander basis vir 'n organisasie of by 'n bruilof, openbare of private dinee, ens.: *Die universiteit, korporasie het al weer 'n ander spysenier.*<br>**spys' kaart** s.nw. Lys van verkrygbare disse (met die pryse daarby) in 'n restaurant; aanduiding van die voedsel wat by 'n maaltyd op die tafel sal kom; menu. | 3.29 Skryf in die direkte rede.<br>3.30 Lees die onderstaande gedeelte uit die woordeboek en gee EEN woord. | (2)<br>(1) |
| (3.31 Jeremy's parents as well as the waitress) is verbaas oor sy eetlus, maar hy is darem nog 'n (3.32 groei) seun. Hopelik gaan Jeremy se ouers hom op die (3.33 kneukels/naels/vingers) tik oor sy slegte maniere! | 3.31 Gee die korrekte Afrikaanse vertaling.<br>3.32 Gee die korrekte vorm.<br>3.33 Kies die korrekte woord. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>**[13]** |

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**GROOTTOTAAL: 75**